Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

9 Oktober 2020

Die Hoërskool Wonderboom

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. EKSAMEN: VRAESTEL 3 (TALE)

Vraestel 3 (Graad 8-11) vorm deel van die leerders se finale eindeksamen in die vakke Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal. Hierdie vraestelle word reeds op **22 Oktober (Graad 8-9) en 23 Oktober (Graad 10-11)** afgehandel. Dit is dus verpligtend dat alle leerders hierdie vraestel op die bogenoemde dae moet kom skryf. Die leerders gaan eers die Afrikaans Huistaal skryf, waarna hul die Engels Eerste Addisionele Taal gaan skryf. Albei vakke word dus op een dag geskryf! Die tye is soos volg:

22 Oktober:	ALLE Graad 8- en 9-leerders skryf Vraestel 3.
	Graad 10-11 leerders kom nie skool toe op 22 Oktober nie.
23 Oktober:	ALLE Graad 10- en 11-leerders skryf Vraestel 3.
	Graad 8-9 leerders kom nie skool toe op 23 Oktober nie.

2. HERREGISTRASIE (GRAAD 8-11)

Volgens wet moet alle Graad 8-11 leerders herregistreer vir 2021. Herregistrasie-vorms is per e-pos op 7 Oktober na ouers gestuur. U moet asseblief die vorm uitdruk, enige foute met rooi korrigeer, die vorm teken en dan op Maandag, 12 Oktober (Groep 1) en Dinsdag, 13 Oktober (Groep 2) terugstuur na die skool. Leerders wat nie herregistrasievorms inhandig nie, sal nie op 2021 se rooster verskyn nie en sal heraansoek moet doen vir plek.

3. HITTE-WEGHOU-HOEDE-DAG

Baie dankie aan elke Wonnie wat so heerlik deelgeneem het aan die Kleurvolle Kousedag, sowel as die Haai-daai-hare-dag.
Die laaste geleentheid om sommer lekker laf te wees is op **15 Oktober (Groep 1) en 16 Oktober (Groep 2).** Dan is dit **Hitte-Weghou-Hoededag**!

"*A hat is the difference between being dressed and being dressed up; it's the difference between looking adequate and looking your best.*" – Martha Sliter

4. GRAAD 8 (2021)

Graad 8-leerders vir 2021 ontvang tans SMS'e vanaf die departementele stelsel. Daar word in groepe ("batches") SMS'e uitgestuur. Indien u enige onsekerhede het rakende u inskrywing vir 2021, kontak gerus me. Brits by admin@wonnies.co.za. Ons kan nie wag om die nuwe Wonnies in 2021 te verwelkom nie!

5. ALGEMENE OUERVERGADERING (BEGROTING)

Hiermee geskied kennis van die Jaarlikse Algemene Ouervergadering rakende die begroting:

Die jaarlikse ouerbegrotingsvergadering vind op **Donderdag, 5 November, om 18:00** in die Flambojantsaal plaas. Hierdie is 'n belangrike vergadering aangesien die begroting vir 2021 dan deur die ouers goedgekeur sal word. U word dus ernstig versoek om die vergadering by te woon. Indien daar nie 'n kworum ouers teenwoordig is nie, sal 'n opvolgvergadering op Donderdag, 19 November om 18:00 in die skoolsaal plaasvind. Ouers is welkom om die begrotingsdokument vanaf 15 Oktober 2020 by die ontvangskantoor te kom besigtig. Die ontvangskantore is op Maandae tot Donderdae vanaf 7:00 tot 14:30 en op Vrydae vanaf 07:00 tot 14:30 oop.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF

ADVERTENSIEBLAD:
Ondersteun gerus ons adverteerder. Indien u in die nuusbrief wil adverteer, kontak gerus finansies@wonnies.co.za.